

# Kix-pirasie



Dis darem net te heerlik om saam met geliefdes of vriende te kuier en te eet! Dis spesiaal as mense tyd maak vir mekaar en die lewe vier. Dit kan met 'n gewone koppie koffie of 'n spesiale feesete wees. Kan jy aan 'n geleentheid dink waar jy onlangs só lekker saam om 'n tafel gekuier het? Watter kos hou vir jou besonderse herinneringe in? Watter reuke en klanke laat jou tuis voel? Deel hierdie stories met mekaar.

Lees Handeling 2:43-47.

Die eerste gemeente waarvan hier vertel word, het saam gekuier en gesels. Hulle was gemaklik by mekaar en kon alles met mekaar deel. Hulle was hartsvriende met 'n gedeelde geloof en gedeelde ervarings. Hulle was gasvry, mededeelsaam en opreg. Wanneer ons vandag die woord "kerk" of "gemeente" hoor, dink baie mense eerste aan 'n kerkgebou of erediens. Ander dink dalk net aan die werksaamhede van die gemeente. Dit is alles ook 'n vorm van kerk, maar kerk is ook baie meer as net dit. Daar waar 'n groep mense bymekaar kom om te bid, mekaar te leer, te gesels of saam om 'n tafel te eet – daar is die kerk bymekaar. Daar waar 'n groep vir mekaar omgee, ruimte maak vir die vreemdeling en die lewe saam deel – daar is die Gees in hulle midde.



- \* Hoe is die beeld van 'n etenstafel 'n goeie metafoor vir "kerk"?
- \* Hoe is julle as Kix-leiers vir mekaar "kerk"?
- \* Hoe is julle as Kix-groep 'n gestalte van kerk?

Die meeste groot gebeure in die Bybel het rondom 'n ete plaasgevind... die vermeerdering van die brode, die weduwee wat vir Elia met haar laaste meel en olie 'n broodjie gebak het, Dawid wat as koning gesalf is by 'n ete, Abraham wat Engele met 'n ete ontvang het... en ja, selfs die sondeval het eet-eet gebeur. Gelukkig verduidelik Jesus Sy verlossingswerk ook om die etenstafel met brood en wyn.

Koester elke ete, nie net uit dankbaarheid vir die kos nie, maar ook vir die mense in jou



lewe. Daar is soveel mooi verhale van Christene wat nie skaam was om mense uit te nooi om die bietjie wat hulle gehad het saam met hulle te kom geniet nie. Hierdie mense het gemeenskaplike verander en ons kan dit ook doen. Moenie skaam wees nie. Wees gasvry.